

Dinsdag 28 Junie

Skrifgedeelte: Efesiërs 1:15-23

Fokusgedeelte: Efesiërs 1:16, 17 (AFR83 / AFR20)

Deur God se uitverkiesing is ons saam sy kinders, bid daaglik vir mekaar

God het ons deur sy genade uitgekies om sy kinders te wees. Omdat ons deel van een liggaam is, waarvan Christus die hoof is, lewe ons saam in die koninkryk van God. Ons sien Paulus bid vir die gelowiges dat hulle gevul sal word met die wysheid en die kennis oor God, sodat die gelowiges God kan ken. Die kennis waarvan Paulus hier praat, is die kennis om die doel van God se weë te verstaan. God se heilige raadsplan in alles situasies, goed of sleg. Die kennis waaroor hy skryf, handel oor die vermoë om onderskeid te tref. Dit het uiteindelik ook te doen met die gawe van onderskeiding.

God wys ons dat ons, in ons roeping as kind van God, nie alleen in hierdie amp staan nie. Ons medegelowiges wat saam met ons in die amp staan, het ook gebed en ondersteuning nodig. God leer ons, deur Paulus, onder die leiding van die Heilige Gees om ook vir mekaar in ons amp as kind van God te bid, sodat ons die wysheid sal ontvang en die kennis om te onderskei. Waarvan moet ons onderskei? Onderskei in die valse kortstondige hoop wat die wêreld bied en watter wonderlike en ewige hoop daar te vinde is in God.

Christus doen dit konstant vir ons ook as Middelaar by die Vader. Christus doen voorbidding vir ons by God. Dit is ook sy diens as Priester, sodat die kinders van God gevul kan wees met die kennis en wysheid om God beter te kan ken en verstaan. Laat ons vir mekaar bid vir wysheid en kennis, meer as dit, laat ons diensbaar wees as kinders van God en vir ander bid, in plaas daarvan dat ons wag dat ander vir ons kom bid vir wysheid, kennis en hoop.

Sing: Skrifberyming 3-4:1-3; Lied 478:1, 2

Teologiese Student EA Venter (Erasmus)